Pretoria- …….

<u>Skriflesing:</u> Romeine 9: 19-29; Jesaja 45:1-13
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 18**
Teks: Jesaja 45:9-10; Romeine 9:20-21
Sing- Ps. 33:3,6; ; Ps. 25:3,6; Sb. 34:3 (Sb.24:1,2)

Wanneer die einde van die laaste paragraaf van die eerste hoofstuk van die Dordtse Leerreëls aanbreek, broeder en suster, dan besef mens net weereens ons belydenis ken 'n mens. Hoe mense hulleself wil verdedig, hoe ons onsself baie beter wil maak as wat ons werklik is. Daar is in hierdie paragraaf ingebou dat mense hulle teen die leer van die uitverkiesing gaan erger. Dit gaan mense kwaad maak, dermate dat hierdie opstandigheid wat daar by mense gaan wees in 'n aparte paragraaf in ons belydenis verwerk word. Mens ervaar mos gou dat jy jouself moet verdedig en dat jy maklik verstote voel. In hierdie toestand kom paragraaf 18 en stel dit duidelik - **Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdige verwerping <u>in opstand is</u>, stel ons die woorde van die apostel: *0 mens, wie is jy wat teen God antwoord?* (Rom. 9:20), en ook die woorde van ons Verlosser*: *Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?* (Matt. 20:15).**

Wanneer ons belydenis so uit die werklikheid van ons mens-wees met ons praat, dan is dit waarlik weer 'n geval van mens ken jou plek. Die mens kan nie God wil wees nie, al wil die mens dalk hoe graag! Al is daar in die tuin van Eden vir die mens hierdie aanloklikheid voorgehou – Gen. 3:4-5: *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees…* Die mens as skepsel van God moet nie anders wees as net dit wat ons kan wees- SKEPSEL VAN GOD. Ons moet ophou om te dink ons is so verhewe, ons wil onsself so graag op allerhande maniere verhoog. Daarom murmureer die mens ook baie maklik. Murmureer is 'n baie bekende Bybelse woord. In die Afrikaanse vertaling kom dit dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament voor- 14 maal staan dit in die Bybel, en dan wil dit vir my lyk die meeste van hierdie 14 keer is dit teen God wat mense murmureer. In die Grieks is die woord vir murmureer- γογγυσμός- wat ook beteken om te grom of om te kla…

In die Dordtse Leerreëls word hierdie gromming direk vanuit die Here se Woord geantwoord- vanuit die Ou en die Nuwe Testament- waar ons die voorbeelde in Romeine 9 saamgevat hoor- *Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?*

Paulus hoor vêraf die gromming van die mens daarom begin hy deur te vra- *Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord?...* Ook wanneer mense van die genadige uitverkiesing van God hoor dan het ons reeds dikwels daarop gewys die evangelie is nie na die mens nie. Dit is presies wat die apostel Paulus ook aan die gelowiges in Galasiërs skrywe- Gal.1:11- *Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie.* Mense sal baie keer nie daarvan hou dit wat hulle in die Here se Woord lees nie. As mense hoor dat ons in alle geval nie ons uitverkiesing kan verander nie, dat hulle wat nie uitverkies is nie, verlore sal gaan, dan is dit so maklik vir mense om te sê maar God is onregverdig. Ek kan in alle geval my nie teen God verdedig nie, ek kan sy wil nie weerstaan nie- So sal daar na Farao dan ook gewys word dat hoe kan ons vir Farao verkwalik, dit is mos dan God Self wat Farao se hart verhard het. Ja, dit lees ons wel- Ex.4:21- *Maar Ék sal sy hart verhard, sodat hy die volk nie sal laat trek nie.*

Teenoor al die mense met hulle gromming en opstandige antwoorde stel Paulus die woorde uit ons gelese gedeelte- wat dink ons van onsself as ons só oor die Here praat- *Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?* Die Dordtse Leerreëls gee ons as nog ’n voorbeeld die woorde uit ’n gelykenis van die Here, waar mense dit sou oorweeg om God van onregverdigheid of onredelikheid te wil beskuldig- dan word hierdie belangrike vraag in ’n uitroep verander - *Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?* (Matt. 20:15).

***

Dit staan God waarlik vry om sekere mense nie te verkies nie. Tog bly God in alles regverdig. Hoe God in alles regverdig is, kan ons ook uit Job hoor as Elihu vir Job antwoord- Job 34:10-12 *Daarom, manne van verstand, luister na my: Ver is God van goddeloosheid en die Almagtige van onreg! [11] Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk, en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind. [12] Ja waarlik, God handel nie onregverdig nie, en die Almagtige verdraai nie die reg nie.* Geen mens het enige reg om God te verwyt nie. Daarom moet ons ook rondom die voorbeeld van Farao dit só aanvaar- Farao se verharding van sy hart bly sy eie verantwoordelikheid waarvoor hy aanspreeklik is. God werk met sy skepsels op so ’n manier dat hulle wat hulle teen die Here verhard, ten volle daarvoor aanspreeklik bly. Dit bly vir ons onbegryplik. En dit gaan Paulus ook nie probeer beredeneer nie. Hy gaan in geen argumentasie teen iemand in wat sy eie sondigheid op hierdie manier probeer

verontskuldig nie. Al wat Paulus doen is om die mens te wys wie hy is. Wat sy posisie is teenoor die Almagtige God van hemel en aarde.

Iemand wat hierdie teenwerping teen God se genade wil gooi, wil eintlik daarmee sê dat hy/sy beter weet as God hoe om die wêreld te bestuur en te regeer. Hy het 'n leemte in God se regverdigheid gevind. Maar dit is net hier waar ons op ons plek gesit moet word! In ons verhouding tot God moet ons weer sien waar ons staan. So antwoord die Dordtse Leerreëls in Art.18 heel duidelik. Ons kan alleen maar die grootheid van die Here se werk in godvresendheid en met eerbied aanbid. By ons pas alleen maar 'n loflied op die grootheid van die Here *: 0, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid* (Rom 11:33-36).

***

Daarom inplaas van om teen God in opstand te wil kom, so eindig hfst. 1 van die Dordtse Leerreëls kan ons maar sê met 'n nimmereindigende loflied- Ons kan hier ook die woorde van Psalm 106 aanhaal- die Psalm wat wys hoe die mens in 'n maalkolk van baie vrae kan wegsink, ja die sondelys in hierdie Psalm is baie lank. Dit gaan oor die kerk se sondelys. Die lys van sondes in die Psalm is so lank as ons dit alles moet neerskryf dan sal ons net vir die sondes wat genoem word meer as een bladsy moet hê, maar lees ons die einde van hierdie Psalm dan kan ons net verstom staan- Ps. 106:44-48: *Nogtans het Hy hulle benoudheid aangesien toe Hy hulle smeking gehoor het; en Hy het tot hulle beswil aan sy verbond gedink en berou gekry na die veelheid van sy goedertierenhede. En Hy het hulle medelyde laat vind by almal wat hulle as gevangenes weggevoer het. Verlos ons, HERE onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof! Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot ewigheid! En laat die hele volk sê: Amen. Halleluja!*

Met hierdie woorde waarin 'n mens wil uitroep *Halleluja* eindig nie net hierdie Psalm nie, maar die laaste van al die Psalms, Ps. 150 eindig ook met *Halleluja.* In die Psalms kom die woord *Halleluja* 22 keer voor, in heelwat van die gevalle is dit juis hoe 'n Psalm eindig. (Kyk maar net na die laaste Psalms- Psalm 146-150- elke keer eindig dit met *Halleluja…*)

Maar mens kry in alle geval ook die gevoel dat so wou die opstellers van die Dordtse Leerreëls eintlik hfst. 1 ook eindig. Daardie dankbaarheid, daardie blydskap, daar gevoel wat mens wil laat uitroep- Halleluja… Dit is eintlik al wat 'n mens kan sê as die groot saak van die uitverkiesing so voor ons oopgemaak word, dit is maar net God wat geprys moet word. Wie die uitverkiesing en die verwerping waarlik glo moet aan God die lof bring.

***

Ons lofsange moet waarlik verdiep as ons die voorreg besef om God se beloftes oor ons uitverkiesing vas te hou. Dit gaan in alle geval om die heerlikheid van God. God laat ons sy heerlikheid sien, God laat ons in sy hart inkyk. Daarom erken ons dat in die leer van die uitverkiesing is daar baie onbegryplikhede maar dit is nie vir ons nodig om oor hierdie dinge wat ons nie kan verstaan nie, nou bang te wees nie. Nee, mens mag nie stilbly nie, juis nie oor die openbaring van God mag 'n mens nie swyg nie. Al wil baie mense nie oor die uitverkiesing praat nie, want hulle meen ons verstaan tog so min! Laat ons besef God wil dat ons hieroor moet praat. As ons hieroor moes stilbly dan sou God ook hieroor stilgebly het. Waar God spreek moet ons antwoord, waar God swyg, daar moet ons stilbly.

In Jesaja 45 word hierdie heerlikheid en grootheid, hierdie troos maar ook waarskuwinge van God baie duidelik saamgebring. Ons hoor hoe die Here op 'n magtige manier werk vir die verlossing van sy volk en dit deur 'n heidense koning Kores. Dit kan die Here doen, want Hy is die Skepper. Hy versterk die goddelose Kores se hand dat Kores nasies kan oorwin. Die Here kom wys hoe Hy met geen ander vergelyk kan word nie.

Ons moet dus nie aards oor die Here dink nie. Hy maak lig en duisternis. Hy bring voor-en teëspoed. Hy laat die reënwater uit die hemel drup. Dit alles kom vertel die Here vir sy volk om hulle te laat verstaan dat Hy wat alleen God is hoef Hom nie te verantwoord oor die manier waarop Hy vir Israel uit ballingskap gaan red nie. Hy is magtig om 'n groot koning soos Kores vir sy planne in te span.

Daarteen wil Israel nog in opstand kom. Hoe kan die Here dan nou 'n heidense koning wil gebruik om sy volk te red. Dan antwoord die Here met die beeld van die pottebakker : *Wee hom wat met sy Formeerder twis - 'n potskerf by erdepotskerwe! Sal die klei dan sê aan die wat dit vorm : `Wat maak jy?` Of sal jou werk sê : 'Hy het geen hande nie!' Wie wil tog vir 'n vader sê : "Waarom verwek jy?" of vir 'n moeder : "Waarom het jy weë?".* Dit is tog belaglik!! Die klei gaan nie vir die pottebakker sê dat hy sy werk verkeerd doen nie! Wil die

klei nou vir die pottebakker sê hoe hy sy werk beter kan doen?! So kom sê die Here, die Heilige, die Een wat Hom nie tot verantwoording laat roep nie : Vertrou die werk van my hande aan my toe. Ek het die aarde gemaak. En die mens daarop geskep.

Op presies dieselfde manier antwoord Paulus nou elkeen wat sy besware het teen die manier waarop die Here sy werk doen in die verlossing van sy kinders. Wil jy gebreke aanwys in die Here se manier van werk? Wil jy Hom kom voorlig oor wat goed en sleg is? Doen jy dit, dan is jy soos die maaksel wat vir die maker wil sê : *Waarom het jy my so gemaak?*

Het die pottebakker nie mag oor die klei nie? Kan hy nie uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer maak nie? Uit dieselfde hoop klei werk die pottebakker. So is alle mense ewe sondig en verlore. Die een onderskei homself nie van die ander nie. En nou gaan die Here en Hy maak uit die een hoop klei, onderskeid. Uit één hoop van die klei maak Hy ’n voorwerp wat tot eer is van die Maker. Die ander is tot oneer. Só werk die Here met mense. Hy kan mense wat die ewige dood verdien ’n heel eervolle rol laat vervul. Hy kan uit hulle iets maak wat tot eer van die Maker is, soos wat ’n pragtige kleivoorwerp die eer van die kunstenaar verkondig!

So is die Here aan die werk in en met sy genade! Sondige mense, soos Kores wat die doel mag dien om die Naam van die Here te verheerlik. Dit is genade!! Die Here wat deur die werk van sy Seun van klei wat weggegooi moes word, voorwerpe maak tot eer. Deur sy eie werk en goedheid. Daarvan lees ons aan die einde van Romeine 9 en begin hoofstuk 10. Dit gebeur deur die geregtigheid van Christus wat die Jode nie wou aanneem nie. Daarom dat hulle verhard geword het teen die Here.

***

Maar dit kan ook anders gaan. Die Here kan uit dieselfde hoop klei ’n voorwerp maak tot oneer. Soos die Farao. Hy kan mense laat in hulle sonde. Die Here sou niemand onreg aangedoen het as Hy almal wou gebruik as voorwerpe van oneer nie. Dit is wat almal verdien het. Maar nou dat die Here tog sommige gekies het om voorwerpe van eer te wees, nou sien ons juis die heerlikheid van sy liefde en genade dáárin. Wie sal die Here nog hierin wil teenspreek? Het God dan nie die mag om uit dieselfde klomp klei vir Homself voorwerpe tot eer te maak nie? Kan ek dan nie oorgaan in ’n loflied op die Here se genade en goedheid en ontferming nie? Sal ek dan nie die Maker laat om met sy skepsele te werk soos Hy wys vind nie?

In vers 22 van Romeine 9 sien ons nog selfs die geduld van die pottebakker met die klei wat voorwerpe tot oneer is. Geen pottebakker sal dit wat die Here doen, ooit doen nie! As die klei ’n mislukking is, word dit of eenvoudig platgedruk en iets anders word daaruit gemaak of die klei word weggegooi. Maar God verdra nog hierdie klei! Daarin wil die Here Sy toorn en mag laat sien. In hulle wil die Here laat sien hoe verskriklik die sonde is en sy toorn daaroor. In hulle wil Hy laat sien hoe Hy die sonde straf. Dit laat Hy sien deur ’n tentoonstelling van sy krag en mag.

Kyk maar hoe het die Here met Farao gewerk. Om sy mag ten toon te stel in die verlossing van sy volk. Maar ook toe die Here met krag en mag die Rooi See oor die Farao en sy hele leërmag laat gaan het. Die Farao en sy hele leërmag word in die see verdrink. Maar so maak die Here nie met almal wat die oordeel verdien nie. Kyk met watter lankmoedigheid verdra die Here die mense wat dikwels in ongeloof lewe! Die Here openbaar sy lankmoedigheid en geduld deurdat Hy hulle nog lank verdra. . Die Here stort nie sy toorn oor hulle dadelik uit soos wat hulle verdien nie. Watter pottebakker sal voorwerpe van oneer so verdra? So is die Here geduldig met die voorwerpe van oneer.

Is dit nie onverklaarbare verdraagsaamheid nie? Die tyd van verdraagsaamheid, gebruik die Here om ons sy genade te laat sien. Al die tyd tot sy oordeel laat die Here nou sy groot barmhartigheid skryf in groot helder ligte oor die voorwerpe van barmhartigheid. Dit is ons voorreg as gemeente. Om elke week en elke dag weer te mag lewe uit die genade en barmhartigheid van die Here.

AMEN

Pretoria- …….

Paragraaf 18

Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdige verwerping **in opstand** is, stel ons:-

- die woorde van die apostel → *O mens, wie is jy … teen God antwoord …* (Romeine 9:20)
- die woorde van ons Verlosser → *Staan dit my nie vry … met my eie goed … maak wat ek wil …* (Matteus 20:15)

Maar ons wat hierdie verborgenhede godvresend eerbiedig, roep saam met die apostel uit →

O, diepte van die rykdom en wysheid … kennis van God! Hoe ondeurgrondelik … sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Wie … wie het die gedagte van die Here geken … of wie was sy raadsman gewees? Of wie … het eers iets aan Hom gegee, dat dit … vergeld moet word? Want uit Hom … deur Hom en tot Hom is alle dinge. Sy … is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen
(Romeine 11:33-36)